

Sondag, 26 Julie 2020
Fokusteks: Romeine 8:31-39

Wat dink jy, hoeveel is jy werd in die oë van die Here? As God na jou kyk, wat dink Hy van jou? Vandag se teksgedeelte gee 'n baie duidelike antwoord daarop. Ek deel graag hierdie verhaaltjie om daarby aan te sluit:

Johnny Lingo, 'n aantreklike jong man, was besig om vir hom 'n vrou te soek. Hy was nie net baie aantreklik nie, maar ook aangenaam, vriendelik en uiters talentvol. Almal het geweet hy kon eintlik enige meisie in die dorp om haar hand vra. Groot was die verbasing toe sy keuse op Mahana val, 'n stil, skamerige meisie wat nie juis onder die mooistes in die dorp getel het nie. Johnny het na Mahana se pa gegaan om oor die bruidskat te onderhandel. Die inwoners van die dorp het vir mekaar gesê dat Johnny seker baie goedkoop daarvan gaan afkom, want haar pa sal seker maar te dankbaar wees om van sy vaal dogter ontslae te raak.

Mahana se pa was egter 'n gulsige en geldgierige man. So kondig hy die prys van die bruidskat aan - drie beeste! Dit was 'n allemintige prys. Die mense het gewonder wat Johnny sou doen, want hy kon baie mooier meisies kry vir baie goedkoper. En wat doen Johnny? Hy dring daarop aan om nie drie nie, maar *agt* beeste te betaal vir Mahana! Johnny het vir die mense van die dorp laat verstaan dat sy vrou duur is, en baie meer werd as drie beeste.

Jy is ook baie meer werd vir God as wat jy ooit kan dink. Die Here het die hoogste prys vir jou betaal wat daar kan wees. Ons lees dit in v.32 - *Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?* Wat beteken dit dat die Vader nie sy eie Seun "gespaar" het nie? Om iets daarvan te begryp moet ons weer 'n slag let op die woorde van ons Geloofsbelydenis - *wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het.* Jesus het "ter helle neergedaal." Die bedoeling is nie letterlik in die sin van "af ondertoe, onder die aarde in, 'n plek waar vuur brand nie." Nee, die hel is 'n toestand, 'n toestand van verskrikking, van absolute eensaamheid, van volkome godverlatenheid. Die Heidelbergse Kategismus stel dit soos volg: *Hierdie verlossing het Hy bewerk deur sy onuitspreeklike angs, smarte en verskrikking wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe, maar veral aan die kruis gely het.*

Jesus se toestand van hel het geleidelik opgebou. Die owerstes het Hom verwerp, Pilatus het Hom onskuldig oorgelewer, die volk het gekreeu: "Kruisig Hom!" Die soldate het Hom gespot en geslaan, Petrus verraai Hom, sy eie dissipels en vriende laat Hom in die steek. En God verlaat Hom! Dís hel!

Soms praat ons oor 'n swaarkrysituasie in ons lewe, dan sê ons: "Sjoe, dit was hel." Slegs iemand wat dit sêlf deurgemaak het, sal verstaan. Ons bedoel daarmee dat dit "gevoel" het soos hel, want dit was eensaam en verskriklik. Maar vir Jesus het dit nie "gevoel" soos hel nie, dit wás hel. Hy het vir daardie één keer as Mens die absolute verlatenheid en die helse smarte ervaar. Jy kan maar sê Jesus was in die buitenste duisternis. Waar God is, is daar lig, hoop en lewe. Waar God nié is nie, word dit donker en verdwyn alle hoop. Aan die kruis het dit vir Jesus so donker geword, vir drie uur lank. Nie net rondom Hom nie, maar veral in sy binneste. Alles was op 'n einde, Hy het Hom vasgeloop. En God, sy Vader, met wie Hy één was, het Hom verlaat. Dit is hoekom Jesus Hom met die psalmdigter van Ps.22 vereenselwig deur uit te roep: *My God, my God, waarom het U My verlaat?* Dit is wat hier in Rom.8 bedoel word dat God sy eie Seun nie "gespaar" het nie.

Wat beteken dit vir my? Wanneer ek voel dat die hel vir my losbreek, kan ek weet: *God hou my nog vas.* As jy die helse smarte ervaar, mag en moet jy glo dat God *nog dáár vir jou is.* As jy dalk eensaam is en voel hoedat die ouderdom die lewenskragte uit jou begin haal, kan jy verseker wees *dat jy nie alleen is nie.* As die hartseer en verlange na iemand baie naby aan jou wat gesterf het jou hart stukkend breek, kan jy weet: *God verstaan.* As die angs oor die kanker in jou liggaam jou keel as't ware toedruk, kan jy weet: *Jesus is met*

jou. As jou skuldgevoelens jou opvreet en jou aankla voor God, dan sê Jesus: Ek het dit reeds gedra. Ek het dit klaar betaal.

God is altyd daar waar ons is. Hy is nie partykeer met verlof nie, Hy is aanwesig in elke donker ervaring wat jy mag beleef. Dit is hoekom Paulus in v.38,39 kan sê dat daar niks is wat ons van die liefde van God kan skei nie. Omdat God sy Seun nie gespaar het nie, mag ons vas en seker weet: niks kan ons van sy liefde losmaak nie. Nie nou meer nie. Noudat God sy genade aan ons bewys het, is daar niks wat teen ons kan wees nie (v.31).

Paulus praat hier uit sy hart uit. Hy probeer ons nie oortuig met slim argumente nie, maar hy praat 'n taal wat net die hart kan verstaan. Dit is soos die verskil tussen die beskrywing wat 'n moeder gee oor haar kind wat in 'n ongeluk gesterf het en die verslag van die polisie. Albei praat oor dieselfde saak en albei beskrywings is waar, maar die moeder praat uit haar hart. Haar beskrywing raak die diepte van die gebeurtenis. Dit is hoe Paulus skryf in Rom.8. 'n Mens kan dit dalk waag om te sê dat Paulus nie net uit sy hart praat nie, maar ook uit God se hart! God se oorvloedige genade maak dat hy niks meer vrees nie. Dis asof hy enigiemand uitnooi om 'n lys te maak van dinge wat God se liefdesband met ons kan verbreek. Noem maar op, of dit nou mense of dinge is, maar hulle kán nie!

Moenie verwar word deur die donker, of helse, ervarings in jou lewe nie. Moet dit nie verkeerd verstaan nie. So asof God ons soos porseleinornamente bewaar en keer dat ons nie stukkend breek nie. Dan kan mens maklik in vertwyfeling en opstand kom. Moenie jou aandag vestig op jou omstandighede en dáárvolgens besluit of God vÍr of téén jou is nie. Dan kyk jy op die verkeerde plek. Luister eerder na God se beloftes, sy versekerings. Sien die troos raak wat God jou bied. Dit maak nie saak watter teenspoed in die lewe jou tref nie, of watter sonde jy gedoen het nie, dit is nie genoeg om God se liefde vir jou minder te maak of van jou af weg te neem nie.

God se liefde vir jou is groot. Maar dit is ook lewensveranderend. God se genade is 'n praktiese saak. Jou lewe word anders en nuut. Dit word nie net deur God aan jou toegesê nie, maar dit dóén ook iets aan jou. Dit vorm jou soos wat 'n pottebakker uit 'n onaansienlike stuk klei vorm gee aan 'n pragtige bak of blompot. Genade maak dat jy self ook leer om genade uit te deel. Jou hart word sag vir die mens in nood, en jou oë gaan oop vir iemand wat jou ondersteuning en liefde nodig het. Genade is nie maar net 'n akademiese begrip nie, dit is 'n liefdevolle aksie wat plaasvind.

Laat ek die verhaal van Johnny Lingo klaar vertel. Nadat hy agt beeste vir sy vrou, Mahana betaal het, is hulle vir 'n paar maande lank weg uit die dorp. 'n Lang wittebrood, as mens dit so kan beskou. Toe hulle terugkom, kon die dorpsmense hulle oë nie glo nie: die valerige Mahana was nie meer vaal nie, maar het binne 'n paar maande in 'n beeldskone mooi vrou verander. Die wete dat iemand haar liefhet, en dat sy baie meer werd is as wat almal gedink het, ja, selfs meer as wat sy in haar wildste drome kon droom, het haar verander... Genade en liefde het haar verander en mooi gemaak.

Jy is baie werd vir God. God se genade en liefde kan dít, en meer, vir jou ook doen.

Gebed (Lied 492:2)

Heer, U bring vreugde, vrede en vreugde, ons is nou geen sondaars meer.
 Ons is oorwinnaars, meer as oorwinnaars, deur die liefde van ons Heer.
 Niks laat ons bewe, geen dood of lewe, engele, kragte, of vreemde magte -
 ons is oorwinnaars. Halleluja!
 Niks wat ons ly nie, niks kan ons skei nie - skei van U, Here. Ons sing U ere.
 U is ons vreugde. Halleluja!